# Kingswood College
# Departement Afrikaans

## Graad 12 – Taaltoets
(LU 4)(AS'e 4.1; 4.2; 4.3; 4.4)

**[30 punte]**
**2016**

**Eksaminator:** Mnr. D. Koen
**Moderators:** Mnr. T. Scholtz en me. T. Bakkes

**Instruksies**:

1. Hierdie toets moet onder **TOETSOMSTANDIGHEDE** geskryf word.
2. Beantwoord **ALLE** vrae.
3. Skryf asseblief netjies en leesbaar.
4. **Laat 'n reël oop na elke sin.**
5. Sterkte!




**(Blaai asseblief om …)**

**Vraag 1** – **Sinstrukture**

**Lees die volgende sinne aandagtig deur en begin elke sin met die gegewe, vetgedrukte woord(e).**




1. (Mitchell Gardener)(om van sy frustrasies ontslae te raak)(eergister)(het)(lank)(geoefen)(by die gimnasium)

   **Mitchell Gardener ...** (1)

2. Cobus praat baie goed mondeling. Hy berei altyd baie goed voor (want)

   **Cobus ...** (1)

3. Joshua het sewe katte en drie honde by sy ouerhuis.

   **In die verlede ...** (1)

4. Luke het 'n vrugteboord met baie perskes op sy plaas.

   **In die toekoms ...** (1)

5. Kirsten drink elke oggend voor sy skool toe kom vinnig drie koppies koffie.

   **Drie koppies koffie ...** (1)

6. Gabriël het gesê: "Lizzy, ek is baie lief vir jou."

**Gabriel het vir Lizzy gesê …** (1)

7. Ashleigh moet daagliks die kantoor besoek om met mnr. Trafford te praat.

**Ashleigh behoort …** (1)

8. Stuart oefen gereeld vir die seilkampioenskappe. Hy is 'n goeie sportman. (daarom)

**Stuart ...** (1)

9. Jimmy spandeer baie tyd in die gimnasium om groot spiere te bou.

**In die verlede …** (1)

10. Alexa oefen elke week haar sinstrukture, want sy wil goed vaar in die toets.

**Laas jaar …** (1)

11. Olehile het gevra: "Waarom doen julle nooit julle Wiskunde-huiswerk nie?"

**Olehile het gevra …** (1)

12. Meneer Scholtz hou daarvan om die KKNK te besoek.

**Meneer Scholtz behoort …** (1)

13. Meneer Jansen sing en dans by die musiekaand.

**Eergister …** (1)

14. Mejuffrou Bakkes bad weekliks haar bulhond, Daisy, vinnig by die huis.

**Haar bulhond, Daisy, …** (1)

15. Meneer Koen is baie bang vir slange. Hy hardloop sommer vinnig weg. (gevolglik)

**Meneer Koen ....** (1)

16. Het Bradley al ooit met die matrieks geraas?

**Nee, …** (1)

17. (om aandagtig te luister)(Weston)(altyd)(sit)(voor in die klas)

**Om aandagtig te kan luister …** (1)

**(Blaai asseblief om …)**

18. Harry hou baie daarvan om begripstoetse te skryf.

    **In die toekoms …** (1)

19. Motsamai vra vir Jordan: "Het jy gister my potlood geleen?"

    **Motsamai vra vir Jordan …** (1)

20. Sit dadelik julle toetse in julle portefeuljes!

    **Moenie …** (1)

**[20]**

========================================================================

**<u>Vraag 2 – Woordstrukture</u>**

**Lees die volgende paragraaf aandagtig deur en wysig die woord/frase tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord op jou antwoordblad neer. Korrekte spelling is 'n vereiste.**

Kingswood College is 'n klein **(1. skool)** in vergelyking met St Andrew's College. Ons eerste rugbyspan was vanjaar die **(2. goed)** span nadat ons K-Dag gewen het. Die rugbyveld was 'n miernes van bedrywighede en al ons leerlinge was **(3. baie bang)** dat Kingswood nie die wedstryd sou wen nie. Meneer Shaw raak **(4. baie kwaad)** wanneer die rugbyspelers nie hulle oefeninge bywoon nie. In die middae moet die rugbyspelers **(5. bv.)** tien maal om die veld draf om fiks te word.

Baie **(6. onderwyser)** gee gewoonlik nie baie huiswerk tydens die rugbyseisoen nie. Die spelers oefen **(7. baie hard)** vir hulle wedstryde. **(8. Mev.)** Labuschagne hou nie daarvan as die leerlinge skool misloop om wedstryde te speel nie. Sommige **(9. ma)** is ook ongelukkig, aangesien die leerlinge se akademie soms daaronder ly. Meneer McNally sorg altyd dat die velde **(10. baie groen)** is voor enige wedstryde.

Al die meisies is gewoonlik **(11. baie verlief)** op die rugbyspelers. Die een is gewoonlik **(12. sterk)** as die ander. Die toeskouers sit onder klein **(13. boom)** en sing liedjies. Meneer Guthrie dra 'n klein **(14. hoed)** aangesien dit baie warm is. Na afloop van die wedstryd gaan al die spelers hulle **(15. knie)** moet laat verbind aangesien hulle baie geval het tydens die wedstryd.

**(Blaai asseblief om …)**

In **(16. SA)** is rugby 'n belangrike sportsoort. Ons raak **(17. baie gelukkig)** wanneer ons land teen die Wallabies wen. Dan voel ons almal sommer **(18. baie lewendig)**. Ons span is **(19. baie beroemd)** en die Springbokke is die **(20. koning)** van wêreldrugby.

**(20 x ½ = 10)**

==========================================================================

GROOTTOTAAL: [30]

